

Die Kruin-o-gram

02 Mei 2021 - Uitgawe 01

Die verlore mens | Lukas 15:11-32



Om meer oor Lukas 15 te weet, lees gerus ons Kruin-o-gram van die 18de April 2021 (Die 3de uitgawe van Aprilmaand). Om meer inligting te bekom oor Lukas in geheel lees gerus die Kruin-o-gram van die 7de Februarie 2021 (Die 1ste uitgawe van Februarie). In ons Kruin-o-gram van die 18de April het ons genoem dat die fokus van Lukas 15 die eerste twee verse van die hoofstuk is, naamlik dat

die Fariseërs en Skrifgeleerdes Jesus uitdaag, omdat Hy saam met tollenaars en sondaars aan tafel sit. Jesus se reaksie op die Fariseërs en Skrifgeleerdes se uitdaging, is dan drie gelykenisse wat almal in struktuur en motief dieselfde is. Hierdie is, onder andere, die vertelling van die verlore skaap, verlore muntstuk en verlore seun. Die klimaks in hierdie hoofstuk is dan die vertelling van die verlore seun.

In hierdie vertelling spreek Jesus die Fariseërs en Skrifgeleerdes direk aan en stel hulle voor 'n keuse. Om hierdie keuse te verstaan, moet ons na die simboliese waarde kyk wat elk van die karakters in hierdie verhaal uitbeeld. Die pa in hierdie verhaal is God, die seun wat met sy erfstuk wegbeweeg van sy pa is dan simbolies vir die tollenaars en sondaars en dan die broer wat kwaad raak vir sy pa, omdat hy sy seun terug verwelkom en sy status as seun bekragtig, is dan die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Hiermee stel Jesus die keuse aan die Fariseërs: Sal julle die wat bereid is om deel te hê aan die Koninkryk van God verwerp as gevolg van hul sondes, of sal julle saam met My bly wees oor die 'nuwe' kinders van God en alles in julle mag doen om hulle te bekeer?

Die vraag wat hieruit navore kom, is dan presies dieselfde. Aan watter kant bevind jy jouself? Is jy die broer wat kwaad is, of vier jy vreugde saam met God?

Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
 - a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
 - b. Wat het jy hierdie skoolvakansie gedoen?

2. Na God
 - a. Lees Lukas 15:11-32
 - b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
 - c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
 - d. Wat is verbasend van die pa se reaksie teenoor sy seun se reaksie?
 - e. Hoe moet ons optree rondom nuwe Christene?

3. Na mense
 - a. Ken jy iemand wat onlangs bekeer is? Gesels bietjie met hulle en leer hulle storie ken.



Die 2de Kwartaal

Hierdie kwartaal wat voorlê gaan ons verder aan in die Ou Testament. Ons het mos laas kwartaal geëindig waar die Israeliete uiteindelik uit Egipte kon gaan.

Hierdie kwartaal begin ons met die Bybelverhaal waar hulle deur die Rietsee moet beweeg. Die res van die Bybelstories wat ons hierdie kwartaal gaan doen is

hieronder gelys:

Die Bybelstories waarna ons hierdie kwartaal gaan kyk is die volgende:

1. Deur die Rietsee – Eks 14 en 16
2. God se Tien Gebooe - Eks 19 en 20
3. Die geveg by Jerigo – Numeri 13 en Josua 2 en 6
4. Debora gaan veg – Rigters 4
5. God help vir Gideon – Rigters 6 en 7
6. Die sterk Simson – Rigters 13 en 16
7. Rut wys sy is lief vir Naomi – Rut 1 tot 4
8. Hanna sê vir God dankie – 1 Samuel 1 tot 2:11
9. Samuel luister – 1 Samuel 3:1-19

Watter een van die Bybelstories het jy al gehoor?

Skryf die naam van die storie in die Bybel.



Verjaarsdae

Sondag 02 Mei

Anthea Botha

Oswald Prinsloo

Abigail Venter

Lynne Wessels

Maandag 03 Mei

Dirk de Klerk

Anke du Plessis

Wanneke Kotze

Dinsdag 04 Mei

Woensdag 05 Mei

Kayleigh du Plessis

Anine Fischer

Nel Nel

Donderdag 06 Mei

Vrydag 07 Mei

Liam Hopley

Hannes van Deventer

Neill Watters

Saterdag 08 Mei

Charlise Combrinck

Martin Erasmus

Danie Olivier

Sarie Vermaak

Beste wense vir 'n gelukkige
Nuwe lewensjaar !!

Gebedslys

KANKER

Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves

GESONDHEID

Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager - Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher - Anelda Du Toit - Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker

OPERASIES

Fred Cornelius

AFSTERWE

Oom Nico Pienaar - Theodor (Cecile Kleynhans se seun)
Marietjie Nel se broer

SWANGERSKAPPE

Runé en Eckard Erasmus
Tia en Japie de Jager
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

ONS BID OOK VIR

'n egpaar wat sukkel om swangerskappe te behou

Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

Bankbesonderhede:

N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888



zapper™